Central Provincial Loft
Sentrale Provinsiale Hok

34267, FAUNASIG 9325, ☎083 511 8736 /081 023 4483
086 741 0540, strydomk@mtnloaded.co.za
www.centralprovincialloft.co.za

NUUSBRIEF JUNIE 2017 / NEWSLETTER JUNE 2017

English version at the bottom of the page

Terwyl die Kaap in stormweer vasgevang is en Knysna omgewing onder wegholbrande deurloop dink ons aan al ons deelnemers wat deur hierdie rampe geraak word. Ons bid dat u en u families veilig is en dat u nie skade sal ly nie. Sterkte in hierdie moeilike tyd aan almal wat hierdeur geraak word.

In die Vrystaat het ons net die ysige koue en winde gekry en kon ons nog daarin slaag om op Dinsdag 'n Jagersfontein oefening van ongeveer 90 km in te pas. Indien die weer dit toelaat sal ons volgende week kan aanbeweeg na langer oefenvlugte en sal sommige van die langer oefenvlugte op die Benzing webwerf geplaas word. Dit is 'n wonderlike gesig om die pakke en pakke duiwe te sien terugkeer vanaf 'n oefenvlug en ons wens elke dag dat u as deelnemer dit ook kon beleef.

Die duiwe is mooi gesond en oefen baie goed. Al die vooraf behandelinge en inentings is afgehandel en nou is dit net die laaste drie weke voor die eerste wedvlug vir die Ope duiwe op Vrydag 30 Junie vanaf Colesberg plaasvind. Dit sal ook die laaste oefenvlug vir die Jaarouds wees.

Ons beplan om hierdie jaar ook 'n Spankompetisie aan te bied waarin die eerste 100 jongduiwe in elke wedvlug punte sal verdien en die deelnemer wat aan die einde van die seisoen die meeste punte ingeoes het prysgeld sal verdien. Hierdie jaar sal dien as 'n proeflopie en ons sal op 'n later datum meer daarvan meedeel.

Intussen het die Diaz span ook met die idee van 'n "Tri-Loft" kompetisie gekom waarin deelnemers wat by Diaz, Dinokeng en die Sentrale Hokke ingeskryf het kan deelneem sodat 'n algehele kampioen gekroon kan word. U sal binnekort ook meer hiervan te hore kom.

Wonderlike nuwe geleenthede wat wag!!

OPE DUIWE:

Sedert 2012 bied die Sentrale hokke ook 'n Ope kompetisie aan vir duiwe wat die vorige jaar as jaarouds en ook opes deelgeneem het. Hierdie inskrywings het gegroei vanaf ongeveer 100 duiwe in die eerste seisoen tot die huidige 450 inskrywings vir 2017. Hierdie

kompetisie het deur die jare baie gewild geraak en het deurlopend getoon dat dit nie altyd die voorlopers in die Jaarouds is wat weer as Ope duiwe uitblink nie. Daar is egter ook duiwe wat as jaaroud goed presteer het wat jaar na jaar ook in die opes presteer.

Vir die 2017 seisoen is die Ope kompetisie uitgebrei na 9 wedvlugte wat weekliks plaasvind, met 'n verhoogde prysgeld. Die prysgeld van die finaal is verdubbel na R60,000, R30,000, R20,000, R10,000, R5,000, 6-10 R2,000 en 11-20 R1,000. 'n Groot hoeveelheid van die jaaroud presteerders van 2016 is hierdie jaar ook oorgeskryf na die Opes en ons sien baie uit na hierdie ongelooflike kompetisie. Hierdie jaar gaan die vere dus behoorlik geskud word!!

Ons gaan ook die spankompetisie na die Ope duiwe deurtrek en daar gaan die eerste 50 duiwe in elke wedvlug punte verdien, wat dan aan die einde van die seisoen ook 'n spanwenner sal aantoon.

Ons beoog om die Ope duiwe nog uit te brei om uiteindelik ook op 'n prysgeld van R100,000 vir die wenner van die finaal te eindig!

Beste wens aan u elkeen vir 'n wonderlike suksesvolle 2017 seisoen.

NEWSLETTER JUNE 2017

While the Cape is caught in storms and Knysna area under raging runaway fires we think of all our participants who are affected by these disasters. We pray that you and your families will be safe and that you will not suffer any damages.

In the Free State we only got the strong winds and the freezing cold and were able to fit in a 90 km toss on Tuesday to Jagersfontein. Weather permitting we will move on to the longer training tosses coming weeks and those will be available on the Benzing website. It is a beautiful sight to see the returning flocks from a toss and watching them we wish every day that all participants could experience it.

The pigeons are healthy and exercise extremely well. All the pre-treatments and vaccinations have been completed and now it's just the last three weeks before the first race for the Open pigeons that will take place from Colesberg on Friday June 30th. This will also be the final training toss for the Yearlings.

We plan to offer a team competition this year, which will earn points to the first 100 yearlings in every race with prize money to the point winners at the end of the season. More about this at a later date.

Meanwhile, the Diaz team came up with the idea of a "Tri-Loft" competition in which participants in all three lofts, Diaz, Dinokeng and Central Lofts compete for an overall champion. You will soon hear more about it from them. Wonderful new opportunities!!

OPEN LOFT:

Since 2012 the Central Provincial Loft also offers an Open competition for pigeons who participated in previous seasons as yearling or open pigeon. This competition has grown from about 100 pigeons

in the first season to the current 450 entries for 2017. This competition has become very popular over the years and has consistently shown that it is not always the leading Yearlings that excel as Open pigeon. Then again there are those pigeons that perform year after year as Yearling as well as Open pigeon.

For the 2017 season, we extended the Open competition to nine weekly races with increased prize money. We doubled the prize money for the final to R60,000, R30,000, R20,000, R10,000, R5,000, 6-10 R2,000 and R1,000 11-20. We hope to eventually be able to increase the opens to accommodate a winning prize of R100,000 for the final.

Most of the 2016 Yearlings prize winners were entered into the Opens 2017 and we are looking forward to this incredible competition.

In the Opens the team competition will include the first 50 pigeons in every race.

May you all experience a successful 2017 racing season.

Regards

Koot and Hilda Strydom